

23 Januarie

Die Ware Wysheid

Skrifgedeelte: Kolossense 1:1-14

Fokusgedeelte: Kolossense 1:12

Die mooiste daad wat ons aan 'n ander kan betoon, is om vir hom te bid. Jesus het dit gereeld op aarde gedoen, en nou, op sy troon in die hemel, bid Hy nog steeds vir ons. Ook Paulus het gereeld gebid en ons gereeld opgeskerp om vir mekaar te bid.

Hier bid hy vir die gemeente in Kolosse, en hy bid teen die agtergrond van die dwaalleraars wat gepoog het om die gemeente te verlei om veral die sentrale betekenis van kruisdood van Christus te verswak.

Die eerste deel van sy gebed is 'n dankgebed dat die Here, ongeag die verleiding van die dwaalleraars, die gemeente so begenadig het om vas te hou aan die ware leer van verlossing, soos dit deur Epafraas aan hulle oorgedra is.

In die tweede deel (vs 12) leer hy hulle om self ook God te dank, omdat Hy hulle geskik gemaak het vir hulle hemelse erfenis. Hiermee bring Paulus die kern van die evangelie: God het in sy genade alles gedoen, ons deur Christus geskik gemaak om die erfenis te ontvang, die erfenis self is deur die Here berei, en by alles wat in die wêreld gebeur, by al die stryd en nood, kan en moet ons die Here voortdurend dank, vir Hom wat ons alles geskenk het.

Mense loop vandag met sulke stroewe gesigte, die nood en die probleme van ons tyd rus swaar op die skouers, só swaar dat ons dikwels vergeet van die erfenis wat vir ons wag, vir die nuwe lewe. Wees bly en sterk in u Here en dank Hom daarvoor.

Sing: SB 2-4:2

Dr. Marius Aucamp (Durban)